

Bestuur van veld na 'n droogte

(Dr. Louis du Pisani, NWKV Nasionale Bestuurder: Produksie Advies en Ontwikkeling)

Sel: 082 773 9778; Epos: louis@nwga.co.za

Veld is veerkragtig en besit die vermoë om na afloop van 'n droogte te herstel. Hoe meer oordeelkundig die herstel, hoe beter die toekomstige produksie van die veld.

Daar is twee komponente van die veld wat van toepassing is. Dit is die plante wat die droogte oorleef het en die nuwe generasie plante wat verskyn.

Die nuwe generasie plante ontstaan vanaf saad wat ontkiem en vestig of vanaf plante wat as gevolg van vegetatiewe voorplanting ontwikkel, hetsy vanaf wortelstokke of boggrondse lopers. Hierdie nuwe generasie plante vervang daardie plante wat tydens die droogte gevrek het. Die saailinge wat vanaf saad ontstaan, is kwesbaar vir ontblaring solank as wat dit uit die grond getrek kan word. Solank dit met die hand uitgetrek kan word, sal die weidende dier dit ook kan uittrek. Indien dit gebeur gaan 'n persentasie van die nuwe generasie plante verlore. Daarom moet die veld die eerste tyd na afloop van 'n droogte oordeelkundig bewei word.

Die plante wat die droogte oorleef het, sal begin groei sodra dit begin reën. Hierdie aanvanklike groei vind met behulp van die plante se groeiereserwes plaas. In die geval van grasse is hierdie reserwes in die wortels gestoor. By bossies is dit in die stingels en die wortels gestoor, alhoewel hergroei meestal uit die stingelreserwes plaasvind. Sodra die groen blare verskyn, begin die plante om te fotosinteer. Sodra die plante genoeg groen blare het om via fotosintese volledig aan hulle groei-behoefte te voorsien, sal dit ophou om van die reserwes vanuit die wortels en stingels te gebruik vir groei. As die plante egter te gou na hergroei bewei word (voordat dit via fotosintese volledig in hul groei-behoefte kan voorsien), sal dit voortdurend van die reserwes in die wortels en stingels onttrek. Na afloop van 'n strawwe droogte, is die plante se groeiereserwes redelik uitgeput. As die plant dan geforseer word om te veel en te aanhoudend van hierdie beperkte reserwes te onttrek, bestaan daar die moontlikheid dat van hierdie plante (wat die droogte oorleef het) sal afsterf (nadat die droogte gebreek is). Dit sal die toekomstige produktiwiteit van die veld baie

benadeel. Hierdie is die tweede rede waarom veld na afloop van 'n droogte oordeelkundig bewei moet word.

Wat is die beste praktyke van beweiding na afloop van 'n droogte?

1. Moenie te gou die veestapel vermeerder nie. Gee die veld eers kans om te herstel. Dit is herstel sodra die plante aktief fotosinteer en nie meer van die groeiereserwes afhanklik is nie en wanneer die nuwe generasie plante goed gevestig is.
2. Indien beskikbaar, laat die diere eerste die aangeplante voerbronne op die plaas bewei totdat die veld voldoende herstel het.
3. Indien dit nie moontlik is nie, bewei eerste daardie kampe wat die minste benadeel sal word deur beweiding, terwyl die meer kwesbare veld kans gegee word om te rus. Gewoonlik is berg- en ranteveld, asook kampe met harde, onsmaklike plante en vlak klipperige grond, die beste om eerste te bewei. As daar nie sulke kampe beskikbaar is nie, kies enkele kampe wat "opgeoffer" word, terwyl die res van die veld herstel. Hierdie kampe kan later spesiale behandeling kry om die skade te herstel. Probeer om tydens hierdie herstelfase voort te gaan om vir die diere aanvullende voeding te verskaf. Moenie die kampe oopgooi en die diere toelaat om na willekeur te vreet nie.
4. Keer terug na die normale beweidingstelsel sodra die veld herstel het. As daar nie 'n goeie weidingstelsel op die plaas is nie, is dit nou 'n goeie tyd om met een te begin.



Die NWKV lewer produksie-adviesdienste aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA), wat befonds word deur die Woltrust.